NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2025

REKENINGKUNDE: VRAESTEL I

Tyd: 2 uur 200 punte

INLIGTINGSBOEKIE

IEB Copyright © 2025

VRAAG 1 VOORRAAD EN BTW (37 punte, 22 minute)

Inligting aangaande Bullah's Biltong

Bullah's Biltong is 'n plaaslike onderneming wat biltong en gespesialiseerde biltongmesse by drie verskillende winkels verkoop.

- Hulle gebruik die periodieke voorraadstelsel vir alle voorraad.
- Hulle is op die faktuurbasismetode vir BTW geregistreer.

VRAAG 1A VOORRAADSTELSELS (25 punte, 15 minute)

Hulle waardeer hul biltongvoorraad deur die eerste-in-eerste-uit- (EIEU-) metode te gebruik en het besluit om die geweegde gemiddelde-metode vir die messe te gebruik.

'n Eenheid bestaan uit een mes of een kilogram biltong.

Die voorraadrekords vir die jongste finansiële jaar wat op 29 Februarie 2024 geëindig het, was soos volg:

Biltong (kilogram) – eerste-in-eerste-uit- (EIEU-) metode

(i) Die onderneming het die jaar met 6 400 kg biltong begin wat hulle R544 000 gekos het.

(ii) Gedurende die jaar het hulle die volgende by plaaslike boere gekoop:

	Getal kilogram	Koste per kilogram
Aankope gedurende die jaar	20 000	
Mei 2023	13 000	R80
Augustus 2023	3 000	R95
Desember 2023	4 000	R90

(iii) 500 kg wat in Mei gekoop is, is aan die verskaffer teruggestuur, aangesien dit nie bestel is nie.

(iv) In Augustus is 250 kg **van die Mei-aankoop** weggegooi, aangesien dit verkeerd geberg is.

(v) Die plaaslike boere lewer die biltong gratis by die bergingspakhuis af.

(vi) Gedurende die jaar is 20 300 kg biltong teen R250/kg verkoop.

IEB Copyright © 2025

Messe – geweegde gemiddelde-metode

(i) Die jaarlikse voorraadopnamesyfers vir die messe was soos volg:

	Getal messe	**Totale koste**
Beginvoorraad (1 Maart 2023)	800	R140 000
Eindvoorraad (29 Februarie 2024)	1 400	?

(ii) Gedurende die jaar is 600 messe wat R180 elk gekos het, aan die onderskeie verskaffers teruggestuur. Hierbenewens is 50 messe by die winkels gesteel.

(iii) Totale aankope vir die jaar het die onderneming R2 502 500 gekos.

(iv) Die totale vraggeld op die messe vir die jaar het R18 350 beloop.

(v) Verkope van 12 500 messe het R5 625 000 beloop.

VRAAG 1B BTW **(12 punte, 7 minute)**

BTW word teen 15% bereken

Bullah's Biltong se boekhouer het bereken dat die onderneming R9 200 aan die SAID verskuldig is vir die huidige BTW-tydperk. Sy het egter vergeet om die volgende transaksies vir die tydperk eindigende 29 Februarie 2024 op te teken:

70% van alle aankope is **op krediet** om 'n 6%-handelsafslag te ontvang.

1. Verkope ter waarde van R82 000, BTW uitgesluit.

2. 'n Debiteur is insolvent verklaar en die boedel het R2 760 betaal, wat 60c in die rand was. Die res is as oninbare skuld afgeskryf.

3. Die kredietaankope vir Februarie voor die handelsafslag toegestaan is, het R350 000 beloop, BTW uitgesluit. Die BTW op die kredietaankope is nie opgeteken nie.

4. 'n Betaling van R8 740 is aan 'n krediteur gedoen nadat 'n 5%-vereffeningsafslag toegelaat is.

IEB Copyright © 2025

VRAAG 2 MAATSKAPPY- FINANSIËLE STATE (69 punte, 41 minute)

Inligting aangaande Tatiana Handelaars Beperk

Tatiana Handelaars Beperk is 'n Suid-Afrikaanse genoteerde maatskappy met gemagtigde aandelekapitaal van 10 000 000 gewone aandele. Hulle verkry materiaal by plaaslike produsente en verkoop dit aan die publiek by hul winkels. Hierbenewens verskaf hulle 'n naaldwerkdiens wat pasgemaakte uitrustings maak.

Hulle voeg 'n standaardwinsgrens van 200% op die koste van alle goedere by. Hul jongste finansiële jaareinde is 29 Februarie 2024.

1. Saldo's/totale uit die Finansiële State op **28 Februarie 2023** onttrek:

Balansstaatafdeling	
Gewone aandelekapitaal (teen R6,25 per aandeel)	?
Behoue inkomste	R6 410 000
Aandeelhouers vir dividende (25c per aandeel)	R1 875 000
Opgelope uitgawes vir Februarie 2023 (water en elektrisiteit)	R12 400

2. Saldo's/totale uit die Vooraansuiweringsproefbalans vir die jaar geëindig **29 Februarie 2024** onttrek:

Balansstaatafdeling	
Handelsvoorraad	R8 670 000
Debiteurekontrole	R3 260 000
Voorsiening vir oninbare skuld	R97 800
SAID (inkomstebelasting)	(Debiet) R645 000
Lening: Mbali Bank (9% p.j.)	R750 000
Deposito ontvang: Huurinkomste	R24 000
Krediteurekontrole	R7 240 000
Nominale rekeninge-afdeling	
Verkope	R37 900 500
Koste van verkope	R12 571 000
Debiteure-afslag	R187 500
Fooi-inkomste (uit naaldwerkdienste)	R1 256 000
Direkteursgelde	R312 000
Dividende op gewone aandele	R1 612 500

IEB Copyright © 2025

Bykomende inligting aangaande aandele vir die jaar eindigende 29 Februarie 2024:

Hierdie transaksies is opgeteken:

31 Mei 2023: Die maatskappy het nog 1 500 000 gewone aandele uitgereik en 'n totaal van R11 175 000 aan gewone aandelekapitaal verkry.

31 Desember 2023: Die maatskappy het 500 000 gewone aandele teen 800 sent elk uit die boedel van 'n afgestorwe aandeelhouer teruggekoop.

Bykomende inligting en aansuiwerings wat nog in ag geneem moet word:

1. 'n Bedrag van R14 000 is nog deur 'n kliënt verskuldig vir 'n aantal uitrustings wat in Februarie 2024 vir haar gemaak is.

2. Die boekhouer het vergeet om die opgelope uitgawes vir water en elektrisiteit aan die begin van die jaar om te swaai. Die water-en-elektrisiteit-rekening vir Februarie 2024 is ontvang maar nog nie betaal nie. Dit was 25% meer as die rekening vir **Februarie 2023**.

3. Die onderneming het vergeet om die driemaande-reklamekontrak van R64 500 vir die tydperk Januarie tot Maart 2024 te betaal. 'n Betaling is op 27 Februarie 2024 gedoen maar nog nie opgeteken nie.

4. Die bankstaat wat op 29 Februarie 2024 afgelaai is, het die volgende getoon wat nog opgeteken moet word:

    4.1 Bankkoste van R890.
    4.2 Die rente op die lopende rekening het R3 200 beloop.
    4.3 'n Debiteur het 'n direkte deposito van R7 500 gedoen om sy rekening van R8 000 te vereffen. Hy was geregtig op die afslag.
    4.4 Die maatskappy het die Februarie 2024-debietorder vir versekering verkeerdelik as R6 900 in plaas van R9 600 opgeteken.

5. Goedere wat vir R18 000 **verkoop** sou word, is aan 'n kredietverskaffer teruggestuur, aangesien dit beskadig was. Die verskaffer het Tatiana Handelaars Beperk R150 gevra om die goedere te kom haal.

6. Voorsiening vir oninbare skuld moet tot R95 200 verminder word.

7. Huurinkomste

    7.1 Die huurder het sy winkelruimte verklein en as sodanig is die huur van 1 November 2023 af met R1 750 per maand verminder. Die huur word een maand vooruit ontvang.

    7.2 'n Bedrag van R2 000 is vanweë die daling in huur uit die oorspronklike deposito terugbetaal. Die betaling is gedoen maar nie opgeteken nie.

IEB Copyright © 2025

8. Die maatskappy het vier direkteure wat elkeen elke jaar R100 000 aan direkteursgelde verdien. Nie al die direkteure is ten volle betaal nie, aangesien die boekhouer onseker was oor hoe om die volgende op te teken (geen inskrywings is gemaak nie):

    8.1 'n Direkteur het voorraad met 'n kosprys van R8 000 vir haar eie gebruik geneem.

    8.2 'n Ou voertuig met 'n boekwaarde van R30 000 is vir R35 000 kontant aan 'n direkteur verkoop.

9. Met die versoening van die jaarlikse voorraadopnamesyfers is die volgende ontdek:

    - Voorraad voorhande, R8 595 000.
    - Verpakkingsmateriaal ter waarde van R4 000 is bestel en betaal, maar nog nie deur die verskaffer afgelewer nie.
    - Verpakkingsmateriaal wat gedurende die jaar **gebruik** is, beloop R41 200.

10. Die lening word terugbetaal in **kwartaallikse paaiemente** van R25 000 elk.

11. 'n Finale dividend van R2 635 000 is op 29 Februarie 2024 verklaar, maar nog nie betaal nie.

12. Nadat die inkomstebelasting bereken is, was 'n bedrag van R309 000 nog aan die SAID verskuldig.

IEB Copyright © 2025

HIERDIE BLADSY IS DOELBEWUS OOPGELAAT.

IEB Copyright © 2025

VRAAG 3 KONTANTVLOEISTATE (43 punte, 26 minute)

Inligting aangaande Kanegoni Klerasie Bpk

Kanegoni Klerasie Bpk is 'n Suid-Afrikaanse genoteerde maatskappy met gemagtigde aandelekapitaal van 5 000 000 aandele. Hulle dryf handel in beide plaaslike en ingevoerde tradisionele uitrustings.

1. Inligting oor aandele:
   - Op 1 Maart 2023 het die maatskappy 80% van hul gemagtigde aandele uitgereik en R21 000 000 aan gewone aandelekapitaal verkry.
   - Gedurende die jaar het hulle bykomende aandele uitgereik. Geen aandele is egter teruggekoop nie.

2. Uittreksel uit die Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024:

Verkope	R9 800 000
Koste van verkope	R3 875 000
Waardevermindering	?
Rente op lening	?

3. Uittreksel uit die Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat) soos op:

	29 Februarie 2024	**28 Februarie 2023**
Aandeelhouersbelang	R31 500 000	R26 400 000
Behoue inkomste	R6 600 000	R5 400 000
Vaste bates	R12 476 000	R10 325 000
Lening: Ariella Bank	R3 686 000	R2 800 000
Handelsvoorraad	?	R1 827 500
Handelsdebiteure	?	R3 800 000
Handelskrediteure	R7 124 000	R6 250 000
SAID (LBS)	Krediet R51 000	Krediet R64 000
Vooruitontvange inkomste (huur)	R25 000	R23 000
SAID (Inkomstebelasting)	Debiet R32 000	Krediet R75 000
Aandeelhouers vir dividende	R805 000	R560 000

4. Bykomende inligting:

   4.1 **Belasting en wins**
   - Inkomstebelasting word teen 30% van die wins bereken.
   - Die totale belasting wat volgens die Kontantvloeistaat vir die jaar **betaal** is, het R1 247 000 beloop.

IEB Copyright © 2025

4.2 **Vaste bates**

- Gedurende die jaar het die maatskappy 'n ou voertuig vir sy boekwaarde van R525 000 verkoop.
- Die maatskappy het 'n nuwe winkel sowel as die nodige toerusting vir R5 541 000 gekoop.

4.3 **Lening en rente**

- Rente op die lening word gekapitaliseer.
- 'n Nuwe lening vir R1 450 000 is verkry om die uitbreiding te help befonds.
- R68 000 is elke maand betaal om die maandelikse terugbetalings en die rente op die lening te dek.

4.4 **Bedryfskapitaal**

- Die totaal vir handels- en ander ontvangbare rekeninge het met R268 000 afgeneem.
- Die maatskappy se voorraadomsetsnelheid is gemiddeld twee keer per jaar.

4.5 **Dividende**

- Totale dividende (tussentyds en finaal) beide betaal en verklaar vir die jaar, R1 405 000.

IEB Copyright © 2025

VRAAG 4 VERVAARDIGING EN VASTE BATES (51 punte, 31 minute)

Inligting vir deel A en deel B hou met Moloantoa Motors verband

Moloantoa Motors vervaardig 'n bekostigbare hekmotor vir residensiële gebruik.

- Hul finansiële jaareinde is 29 Februarie 2024.
- Hul vaste bates bestaan uit 'n aantal afleweringsvoertuie en vervaardigingstoerusting.

DEEL A VASTE BATES (16 punte, 10 minute)

Afleweringsvoertuie

1. Bykomende transaksies met betrekking tot die afleweringsvoertuie wat gedurende die jaar plaasgevind het:

   (a) Ruil 'n ou afleweringsvoertuig op 1 September 2023 vir R250 000 in. Die voertuig het oorspronklik R495 000 gekos en opgehoopte waarde-vermindering op die voertuig op 1 Maart 2023 het R246 500 beloop.

   (b) Die nuwe voertuig is op 1 September 2023 gekoop.

2. Afleweringsvoertuie word gedepresieer teen 18% p.j. volgens die verminderende saldo-metode.

   Waardevermindering vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024 was soos volg:

   (a) Voertuig wat ingeruil is, R22 365

   (b) Nuwe voertuig, R74 250

   (c) Oorblywende (ou) voertuie, R?

IEB Copyright © 2025

DEEL B VERVAARDIGING (35 punte, 21 minute)

Moloantoa Motors huur 'n totale oppervlakte van 800 m², waarvan die administrasiekantore en verkoopsafdeling **elk** 150 m² beslaan en die res deur die fabriek gebruik word.

1. **Saldo's onttrek op:**

	29 Februarie 2024	28 Februarie 2023
Grondstowwe	925 000	750 000
Goedere-in-bewerking	1 870 000	1 240 000
Klaarprodukte	?	2 125 000
Verbruiksgoedere	7 500	9 000

2. Die totale koste van produksie nadat al die aansuiwerings in ag geneem is, het R19 625 000 beloop.
3. 'n Totaal van 15 100 eenhede is gedurende die jaar geproduseer.
4. Die totale verkope vir die jaar het R31 500 000 beloop (koste van verkope, R18 000 000).

5. **Algemene uitgawes**

(a) Die volgende totale is uit die Vooraansuiweringsproefbalans op 29 Februarie 2024 onttrek:

Water en elektrisiteit	R132 000
Versekering	R96 000
Sekuriteitskoste	R104 800

(b) Die water-en-elektrisiteit-rekening vir Februarie 2024 is ontvang en nog nie betaal nie, R18 000. Dit word aan die fabriek, administrasiekantore en die verkoopsafdeling toegewys in 'n 8:4:3-verhouding.

(c) Die versekeringspremie is on 1 Januarie elke jaar aan 'n jaarlikse verhoging van 8% onderhewig. Die volle jaar se premies is betaal, maar die maatskappy het vergeet om die verhoging te betaal. Die helfte van die versekering word aan die produksieproses toegewys.

(d) Sekuriteitskoste word toegewys volgens die vloerruimte wat gebruik word.

(e) Waardevermindering op die vervaardigingstoerusting is bereken volgens die produksie-eenheidmetode. Waardevermindering per eenheid is as R90 bereken.

6. **Indirekte materiaal**

(a) Verbruiksgoedere gedurende die jaar gekoop, R62 500.

(b) 75% van al die verbruiksgoedere word in die fabriek gebruik. Die res word in die administrasiekantore gebruik.

IEB Copyright © 2025

7. Arbeidskoste

(a) Die totale bruto lone vir die fabriekstoesighouers (indirekte arbeid) en skoonmakers het R3 400 000 beloop. Geen oortyd is geëis of betaal nie. Totale bydraes het R306 000 beloop.

(b) Die fabriek het 125 werkers (direkte arbeid) in diens om die motors te vervaardig. Elke werker neem R52 800 **per jaar** huis toe nadat totale jaarlikse aftrekkings vir LBS, pensioen, WVF en medies van R27 200 gedoen is. Die maatskappy dra 'n totaal van 9% van die normale verdienste van alle werkers vir pensioen en WVF by.

(c) 'n Totaal van R408 550 is aan oortyd vir die fabriekswerkers betaal.

Totaal: 200 punte

IEB Copyright © 2025